

## 'N AFRIKANERPERSPEKTIEF OP DIE GROOT TREK: SIMBOOL EN RITUEEL

F A van Jaarsveld

*Buitengewone professor in Geskiedenis, Universiteit van Pretoria*

### SUMMARY

#### **An Afrikaner perspective on the Great Trek: Symbol and Ritual**

This deals with Great Trek historiography from the Afrikaner point of view. It is a critical analysis of the changing perceptions of this "central" event in the historical consciousness of the Afrikaner people which reminds of Tacitus' dictum, "Maior est longinquo reverentia". It became a symbol and through the "Day of the Vow" a yearly ritual. In the Trek the nationalistic-minded Afrikaners found their self-image and mythology. The relationship between historical and national consciousness is demonstrated. Their historical consciousness reflects a time-structure of future expectation which determined the interpretation of the past and understanding of the present. Its functions were the legitimising of Afrikaner existence, culture and policy, orientation in South Africa and the world, and supporting of their identity as a people. The pre-scientific phase is divided into three periods: short term perspectives (contemporary self-understanding), medium term perspectives conceived from the late 19th century "racial" conflict between Boer and Briton, and long term perspectives of the 20th century (nationalistic and political weaponry, parochialism, and narcissism). Then follows the scientific phase: An analysis of the historical consciousness which was determined by nationalistic and party interests, nostalgia and empathy with Afrikaner ideals and currently a more realistic and demythologising attitude amongst some prominent historians.

#### **Inleiding: "Groter is die eerbied uit die verte" — Tacitus**

Wie aan die Groot Trek dink, dink aan 'n stukkie spesifiek Afrikaner-geestesbesit wat sedert die Transvaalse Anneksasie sterk in die historiese bewussyn van die Afrikaanssprekende deel van die Suid-Afrikaanse bevolking figureer. Rondom die Anglo-Boereoorlog het die Groot Trekverhaal ook wyd in die Westerse wêreld bekend geword en is dit romanties gekoppel aan die ontstaan van 'n vryheidsliewende Boerevolk. Daarmee is sy herkoms en sy stryd teen die imperialistiese Brittanje verantwoord en geregtig. Wat die Afrikaners self betref, ná hulle verowering en onderwerping in 1902 het hulle oriëntering, sosiale en politieke stabilisering en identiteitsverantwoording in die Groot Trekydperk gevind, om begryplike redes: elke kultuurgroep koester 'n beeld van sy verlede wat meestal om 'n ingrypende gebeurtenis sentreer, trouens, die ontstaan van die Boererepublieke was 'n gevolg van die Groot Trek. Daarin het die republikeinse Afrikaner sy nasionale mitologie en historiese legende gevind wat sy bestaan gewettig en sin en betekenis aan sy lewe gehelp gee het. Daarin het hy hom in krisistye georiënteer, sy identiteit en ideale aanskou en inspirasie gevind. 'n Mens dink in dié verband aan die Tagtigjarige Oorlog wat eeuelank deur die Nederlanders as 'n heroïese tyd gekoester is, maar as gevolg van

die toenemende verwetenskapliking van die geskiedskrywing, is die beeld daarvan "vergruis" en het dit onder invloed, ook van wêreldomstandighede, nie net in die Nederlandse volksbewussyn vervaag nie, maar is dit ook bevraagteken<sup>1</sup>.

Wat was die lotgevalle van die voorstelling van die Groot Trek op die lang termyn in die historiese bewussyn van die Afrikaners? Hoe staan sake vandag na 150 jaar? Watter perspektiewe het op sekere punte van 'n verskuiwende tydslyn ontstaan? Daar moet onthou word dat die historiese bewussyn van 'n groep geen konstante grootheid is nie, maar wissel na gelang van veranderende omstandighede, politieke krisisse en sosiale staanplek. Die wetenskaplike geskiedskrywing oor die Voortrekkers is maar een vorm van die historiese bewussyn naas vele ander. Dié dateer eers uit die 20ste eeu. Hiernaas vind ons ook 'n buite-wetenskaplike historiese bewussyn in die alledaagse leefwêreld van die Afrikaners wat veral rondom die jaarlikse viering van 16 Desember vorm aangeneem en uitdrukking in die letterkunde, dilettante geskiedskrywing, monumente, museums en kultuur- en feestoesprake gevind het. Die voorwetenskaplike historiese bewussyn dateer uit die 19de eeu en het verband gehou met ingrypende gebeurtenisse wat tot kollektiewe herinnering gelei en deur nadenke tot gereflekteerde verlede of gedagtekonstruksies geword het. Dit het gesentreer om die behoeftes van die hede en die hoop op 'n beter toekoms. Die beeld wat die Afrikaner van homself uit die verlede geprojekteer het — sy geskiedbeeld — het gedien om sy vorm en kohesie as groep te bewaar. Dit was 'n alledaagse, leefwêreldlike beeld wat ook sy selfbeeld genoem kan word — die produk van besondere situasies in 'n bepaalde tyd. Dit het as selfbeleefde, dus herinnerde verlede sowel die voorwetenskaplike as wetenskaplike geskiedskrywing voorafgegaan en as voedingsbodem vir Afrikanernasionalisme gedien<sup>2</sup>.

Die historiese bewussyn soos deur Karl-Ernst Jeismann geformuleer het drie tydsdimensies in sy struktuur, nl. 'n toekomsverwagting, 'n verlede-uitleg en 'n hede-verstaan<sup>3</sup>. Wat 'n mens vir die toekoms as doel stel, bepaal die uitleg van die verlede en die verstaan van die hede. Dit het oor en oor uit die verloop van Afrikaner-geskiedenis geblyk. Daar was ook 'n oorsaaklike en onlosmaaklike samehang tussen die ontstaan en ontwikkeling van die Afrikaners se nasionale besef en historiese bewussyn. Dit is die selfverstaan of selfbeeld wat in die geskiedbeeld gestalte gevind het. Daarin het die Afrikaners hulleself gespieël en die vraag telkens opnuut beantwoord wie en wat hulle is, waar hulle vandaan kom, wat hulle plek in die land en sy samelewing is en waarheen hulle na die toekoms op pad is. Dit beteken dat die historiese bewussyn tot vandag toe drie funksies in die volkslewe van die Afrikaners vervul het, nl. 'n legitimeringsfunksie, 'n oriënteringsfunksie en 'n identiteitsvindende funksie. Deur anderhalf-eeu heen was die Afrikaners nog altyd onseker van hulle toekoms en identiteit, veral nou. In sowel die 19de as 20ste eeu is die Groot Trek in die historiese beredenering gebruik om die uniekheid, afsonderlikheid en plek van die Afrikaner teenoor sowel die binne- as buiteland te verklaar en te regverdig. In tye van nasionalistiese volksoopwelling is soms ook selfverheerliking met die Voortrekkers bedryf en het hulle verering in byvoorbeeld 1938 sulke afmetings aangeneem dat dit gelyk het of die beste deel van die Afrikanerdom reeds onder die grond lê en daar in die aangesig van al hulle groot daade weinig vir die huidige geslag oorbly om nog te doen. Hulle is enersyds as onbereikbare ideale gestaltes voorgestel en andersins as model vir 'n onseker toekoms voorgedhou. Dit is in sulke tye dat die historiese bewussyn 'n vererende, narcisistiese en bewarende funksie bo 'n krities-ontledende vervul het.

1. Jan Romein, *In Opdracht van de Tijd* (Amsterdam 1946), pp. 74–97 en 98–145.
2. F.A. van Jaarsveld, *Die Afrikaner se Geskiedbeeld*, Mededelings van Unisa, B6 (Pretoria 1958).
3. K-E Jeismann, *Geschichte als Horizont der Gegenwart* (Schöningh 1985), p. 16.

Na 50 jaar sedert 1938, vind ons 'n nuwe wêreld soos dit uit die Tweede Wêreldoorlog ontwikkel het, 'n wêreld waarin die ou orde van wêreldwye blanke oorheersing en Westerse wêreldryke verdwyn en plek gemaak het vir onafhanklike Swart Afrika- en Asiatiese state — die Derde Wêreld wat 'n sterk kontras met die Eerste Wêreld vorm. Hulle het die Afrikaners van Suid-Afrika geïsoleer en o.a. in die vorm van frontliniestate omsingel en eis vandag dat die bestuur van die land, trouens die land self, aan die Swart meerderheid sonder slag of stoot oorhandig moet word. Dit het nie net die toekoms nie, maar ook die hede en verlede omstrede laat word<sup>4</sup>. 'n Anti-kolonialistiese en dekolonisasie-geskiedenisvisie het posevat — ook in die Weste — wat die blanke koloniale tyd en imperialisme veroordeel, en die "nuwe" geskiedenis van die gewone mens om die Swart inwoners laat sentreer met die Blanke in die beskuldigdebank. Sy geskiedenis word "gedekoloniseer" deur 'n ommekeer van die tradisioneel wit- en Afrikanersentriese geskiedbeeld: Die Blankes het Afrika nie beset om Christendom en beskawing te versprei nie, maar om te verower, te onderwerp en te onderdruk, en die Swart "demokratiese gemeenskap" tot loonslawe te maak. Die geskiedenis word voorgestel as weerstand van die begin af teen blanke oorheersing, en 'n worsteling om bevryding. Na die fase van Boerefeodalisme en Britse kapitalisme as tese en anti-tesefase — so lui die beredenering — moet noodwendig 'n sintese van Swart sosialisme volg wat die bestaande orde soos dit sedert 1652 ontwikkel het, tot op die ashoop van 'n verbygegane verlede sal vee. Die tradisionele visie en perspektiewe op die Groot Trek wat in die stryd om opperheerskappy tussen Boer en Brit ontstaan het, is uitgedaag deur 'n alternatiewe of kontra-voorstelling en op die verdediging gedwing. Hierteenoor is konsepsies en perspektiewe vanuit 'n stryd om opperheerskappy tussen Swart en Wit — "onderdrukte" en "onderdrukkers" — gevorm wat die Voortrekkers in 'n nuwe posisie van "setlaars" en "uitlanders" plaas, wie se nalatenskap, o.a. "Wit oorheersing" betwyfel, betwis en verwerp word. Dit dui daarop dat geskiedenis hom in 'n breukvlak tussen twee tydperke bevind<sup>5</sup>, dié van wêreldwye Wit oorheersing aan die een kant en dié van dekolonisasie, emansipasie en afrikanisasie aan die ander kant. Dit kom neer op 'n verwerping van die tradisionele wit verledevoorstelling van die ou koloniale tyd van uitbreiding en imperialisme. Sal dit tot twee geskiedenispersepsies en verledebeelde lei, 'n konvensionele en 'n alternatiewe, wat parallel langs mekaar bestaan soos dit die geval was tydens die stryd tussen Boer en Brit, of sal daar mettertyd ooreengekom word om, met die oog op geskiedenisonderrig, ook wat die Groot Trek betref, 'n multidimensionele of multi-perspektiwistiese verledebeeld aan te bied? Laat ons ondersoek doen na die evolusie van 150 jaar Afrikanerperspektiewe op die Groot Trek.

## 2. Perspektiewe vanuit 'n leefwêreldlike historiese bewussyn

### 2.1 Tydgenootlike konsepsies en kortafstand-perspektiewe

Tydens die Groot Trek as gebeurtenis was die beeld daarvan vloeibaar en sonder kontoere of perspektiewe. Van deelnemer kant is teruggekyk op die "moederland" wat verlaat is met aangewing van die oorsake, geformuleer in die vorm van griewe soos o.a. blyk uit Retief se manifestasie. Hulle het hulleself "uitgewekenes", "landverhuisers", of "Emigrante" genoem, wat die Kaapkolonie "sonder opstand" verlaat het. Implisiet bevat hierdie begrippe die idee van 'n rebellie. Die Volksraad van Natal se latere verwysing na die

4. Vgl. F.A. van Jaarsveld, *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede, Geskiedenisideologie en die historiese Skuldvraagstuk* (Johannesburg 1984).

5. *Ibid.*, p. 170.

Papineau-rebellie in Kanada en P.L. Uys (de oude) se verwysing in 1837 na die vryheid wat deur die opstand van die Amerikaanse kolonies in 1776 bereik is, dui hierop. Ook Retief het in 1837, toe die grense van die Kolonie oorgesteek is, amptelik by die Goewerneur aansoek gedoen om die Trekkers as 'n "vrye en onafhanklike volk" te erken. In die "onmeetlike ruimte" voor hulle, het hulle 'n oop "deur" vir "uitvlug" gesien. Daar is gewag gemaak van die "ystere septer van die koloniale bewind" wat 'n tipe anti-kolonialistiese gees openbaar, tog sou hulle hul vestiging in die binneland as 'n daad van sekondêre kolonisasie sien soos blyk uit die veelvuldige gebruik van die woord "kolonies" vir hulle nedersettings en "volksplantings"<sup>6</sup>.

Teenoor die deelnemers was daar ook toeskouers wat in die Kolonie agtergebly het. Terwyl die Britse Setlaars en Afrikaners met die Trekkers in die *Grahamstown Journal* en *De Zuid-Afrikaan* gesimpatiseer het, het die "anti-koloniale party" van die "dr Philip-sendinglingfaksie" hulle by monde van die *Commercial Advertiser* veroordeel. Al drie groepe het hulle oor die oorsake, aard en betekenis van die "groot verhuising" uitgelaat. Die *Zuid-Afrikaan* het in die "nuwe Volksplanting" 'n republikeinse regeringsvorm en die behoud van die Hollandse taal gesien, maar die Sinode van die NG Kerk het dit veroordeel as 'n daad van opstand en 'n plasing buite die beskawing wat na verwildering kon lei. Die *Grahamstown Journal* het die Britse owerheid van wanbestuur verwyt en voorspel dat die Trek nog "one of the most memorable" in die annale van die Suid-Afrikaanse geskiedenis gaan word. Teenoor die kolonialistiese visie van die Trek as onderdeel van die groot voorwaartse beweging van die Westerse wêreld in vreemde kontinente wat vooruitgang, bekwawing en Christendom sou bring, het die anti-kolonialistiese sendingmense gepraat van 'n onwettige "inval" deur "rebellie" wat niks groots of blywend in die binneland tot stand sou kon bring nie, maar wat sou lei tot die afneem van grond en vee van die Swart inwoners wie se lot slawerny sal wees. Trouens, ná die oorwinning oor die Ndebeles het die *Commercial Advertiser* geoordeel: "Violence, bloodshed and robbery, marked the course of this host"<sup>7</sup> en beweer dat "die hele wêreld" hulle met groot verontwaardiging in die belang van "justice and humanity" sal dophou en veroordeel. Hierteenoor het van die Trekkers hulle bekla dat hulle op 'n onregverdige en onbillike wyse belaster en ten onregte aan die wêreld, waarin niemand hulle "verdedig" het nie, as ruwe mense en ontsnappers van beskawing, wet en orde, voorgestel is.

Die Trekkers self wat met die Swartes gebots en geweld ervaar het, het hulle as "bloeddorstige barbare" onder "heidense tiranne" voorgestel, wat op "wreedaardige, moorddadige en verradelike" wyse opgetree het — in die woorde van Andries Pretorius sou dit "onuitwisbaar" in die geheue van hulle nageslag bly steek. Hierdie oordeel het deur die jare stand gehou, jaarliks verlewendig deur die viering van 16 Desember ná 1881, 'n herdenking wat die bestaan van Afrikaners in Afrika verantwoord en geregverdig het. Daar was toe reeds al 'n mentaliteit van "Gams geslag" vir Swartes wat buite hulle samelewing en beskawing staan. Dit was 'n onderdeel van die Westerse meerderwaardigheidsgevoel teenoor inheemse inwoners oral ter wêreld. Swartes is as "gegee" aan hulle beskou soos die bome, vleie en rante van 'n plaas, minderwaardige skepsels en arbeidsinstrumente wat hulle as "baas" en "nooi" moes aanspreek. Ná die militêre oorwinnings het die Natalse Volksraad verklaar dat die Trek "'n middel" was in Godshand tot die teëgaan van roof, moord en geweld én die bevordering van "Christelyke beschaafdheid" — 'n daad wat die klein stammetjies gered en onder Trekker-beskerming

6. Vgl. o.a. H.S. Pretorius en D W Kruger, *Voortrekker-Argiefstukke 1829—1849* (Pretoria 1937), pp. 260 en 268.

7. *Commercial Advertiser*, 4.11.1837.

voortgang laat maak het.

Die voorgenome Engelse besetting van Natal en sy verowering in 1842, het afstand in tyd en ruimte van die Trek beteken, wat tot nadenke gelei het oor sy aard en betekenis. Eers met die verlies van grond het die verhuisingsdaad betekenis gekry en is die idee van "vryheid" sowel konkreet as abstrak daaraan gekoppel waaruit anti-Britse gevoelens voortgekom het. Vanuit 'n Ou Testamentiese mentaliteit is die Trek as 'n ontvlugting uit die Egiptiese onderdrukking van Faraon en 'n omswerwing in die woestyn gesien, 'n wildernis wat hulle as hulle Kanaän moes tem. Dit was 'n "gekozte bloedland" wat op "wettige" wyse deur sowel ooreenkoms as oorlog in besit gekry is, dus met "goed-en-bloed"-verliese. Sedertdien is van die landverhuising as 'n vryheidsdaad gepraat en van die slag van Congella as die "Engelse oorlog". Vry-trek, vry-vlug en vry-veg het bekende woorde geword. Die Britte was die onderdrukkers wie se vreemde juk afgeskud is. Liewer sou hulle wou sterwe of kaalvoet oor die Drakensberg loop as om hulle weer onder Britse gesag te begewe. Teenoor goewerneur Napier het die Natalse Volksraad in 1841 hulle reg op onafhanklikheid met 'n eie identiteit bevestig: "Wij zijn van geboorte Hollandsche Zuid-Africanen", dus 'n "vrygebore volk" wat in 1806 verower, en sedertdien veronreg en onderdruk is. Aan die koning van Nederland is meegedeel hoe hulle 'n vreemde juk afgeskud en 'n nuwe vaderland geskep het. Die Raad sou hulle staat terug wou plaas onder Nederlandse gesag. Dit het van die Groot Trek dus ook 'n herstelbeweging gemaak. Dit blyk ook uit die herstel van ou Kompanjies- en Bataafse instellinge en terminologie in die republikeinse binneland<sup>8</sup>. Daar is ook gesê dat die Trek 'n "breuk" tussen Boer en Brit beteken het.

## 2.2 Middelfstand-perspektiewe vanuit 'n rassebotsing: Selfverstaan, skuldaantonnig, afwering en Voortrekkerverering

Gedurende en tot sowat 30 jaar ná die landverhuising was die begrip Voortrekkers en Groot Trek soos ons dit vandag ken nie algemeen in gebruik nie. Soos gesien het tydgenote van "Emigrante" gepraat, 'n begrip van Engelse toeskouer-oorsprong wat deur die Trekkers aanvaar is. Die woord "voor-trekker" is 'n paar keer om praktiese redes by plaastoe-kennings gebruik om die eerste intrekkers in Natal te onderskei van die ná-trekkers. Met die opkoms van 'n nuwe geslag teen die sewentiger-tagtiger jare van die 19de eeu wat die Groot Trek nie self meegemaak het nie maar "nageslag" was, is dié woord wat by oumense nog in die volksmond geleef het, tot die eerbiedwekkende begrip "Voortrekker" met 'n hoofletter verhef as benaming vir diégene wat aan die groot "Emigrasie", 'n begrip wat toe tot "Groot Trek" omvorm is, deelgeneem het. Hulle kon van 'n afstand terugkyk op die Trekkers. Hulle was die "voorgeslag" wat toe van die "nageslag" onderskei is, en met sentiment en verering bemandel is, pioniers en padvinders wat met opoffering van goed en bloed, lyers en stryders was vir die oopstelling en beveiliging van 'n wildernis wat getem en waarin vryheid en onafhanklikheid geniet is; mense wie se moed, dapperheid en deugde navolgingswaardig was en 'n bron van inspirasie<sup>9</sup>.

Wat die Groot Trek ná 1881 jaarliks onder die aandag gebring het was die viering van 16 Desember as "Dingaansdag". Dit sou spoedig as "die fees" bekend staan. Nie voor 1864 nie sou dit vir die eerste keer in die Pietermaritzburgse NG-Kerk op voorstel van

8. Gegewens in hierdie afdeling kom uit my studie *Die tydgenootlike Beoordeling van die Groot Trek 1836–1842*, Mededelings van Unisa, C36 (Pretoria 1962).

9. Kyk F.A. van Jaarsveld, *Die Ontstaansgeskiedenis van die Begrippe "Voortrekkers" en "Groot Trek"* (*Lewende Verlede*, Johannesburg 1962) pp. 183–84, 194–5 en 200.

twee Hollandse NG-predikante, di. Huet en Cachet, kerklik in die openbaar gevier word — nadat die dag vir 26 jaar ná 1838 in die vergeetelheid was. Hoewel 16 Desember in 1865 vir die eerste keer 'n gewone openbare vakansiedag in Transvaal geword het, is dit nie voor 1881 ná die Transvaalse Selfbevrydingsoorlog van 1880—81 algemeen gevier nie, eers vyf-jaarliks en sedert ongeveer 1886, jaarliks<sup>10</sup>. Die ontdekking van die Voortrekkers en hulle verering op Dingaansdag hang ook saam met Afrikanernasionalisme wat ontstaan het na aanleiding van die verset teen die Britse anneksasie van Transvaal en die daaropvolgende "Vryheidsoorlog". Dit het op Majuba wortelgeskiet. 'n Nasionalistiese perspektief het ontstaan. Vryheid en onafhanklikheid het gevleuelde woorde geword: Aan die een kant is Majuba as feesdag gevier wat die "worstelstryd" vir vryheid teen die Engelse in herinnering moes hou, en aan die ander kant, Dingaansdag, wat die stryd om oorlewing en vestiging teen Swart verset in, jaarliks onder die aandag moes bring. Die oorlog met die Britte het nuwe griewe by die oues gevoeg en 'n sterk historiese bewussyn gewek. Dit het in 'n onlosmaaklike verband met die nasionale besef gestaan sodat ons van 'n historiesgeoriënteerde nasionalisme kan praat. Vanweë 'n Ou Testamentiese mentaliteit is 'n religieuse element in Afrikanernasionalisme ingebou wat die uitleg van die verlede bepaal het. Dit blyk uit die vergelyking met die uittoeg van oud-Israel uit "Egiptiese slawerny" en vestiging in "Kanaän" waar deur Gods beskikking vir hulle plek gemaak is — 'n idee wat nie net in die prediking nie maar ook in feesredes tot uiting gekom het.

Die jaar 1888 — 50 jaar ná Bloedrivier — sou 'n "jubelfees" wees. Op 16 Desember 1889 is 'n komitee op die Bloedrivierterrein gevorm wat geld moes insamel vir 'n monument ter nagedagtenis aan "de dappere voortrekkers" — "het moet een nationaal Gedenkteken zijn, en de gebeurtenis die het geheele land voor beschaving heeft geopend, en den weg voor het Evangelie tot de Heidenen gebaad, waardig. Ja het moet een Gedenkteken zijn waarmede de geheele Natie aan God en Heere en het dappere Voorgeslacht zijn dank wil doen"<sup>11</sup>. Dié gedenkteken sou eers 61 jaar later in die Voortrekkermonument by Pretoria gestalte kry. Naas die vererende of monumentale aspek van die historiese bewussyn was daar ook 'n bewarende of museale. In 1890 het *De Volksstem* op 17 November 'n "nasionale museum" bepleit waarin voorwerpe en bronne oor die "eerste Voortrekkers" bewaar kan word. Die historiese bewussyn het ook uitdrukking gevind in die insameling van bronne en die teboekstelling van die staatsgeskiedenis waarin die Groot Trek en die Vryheidsoorlog van 1880—81 "goed tot hul reg" sou moes kom. Dit blyk o.a. uit die aanstelling in 1893 van G A Odé en ná hom dr J W G van Oordt as staatshistorici, asook uit die poging om skoolgeskiedenis-handboeke opgestel te kry waarin groot aandag aan die Groot Trek gegee sou moes word. Dit met die oog op "lesse" vir die hede waaruit inspirasie vir die toekoms in die stryd teen die Britse opdringing geput en patriotisme gekweek kon word. Geskiedenis moes as bindende element en vormende krag dien met die oog op sosiale en politieke stabilisering<sup>12</sup>.

Die voorwetenskaplike geskiedskrywing openbaar ook hierdie perspektiewe wat tot in die 20ste eeu standgehou en die gees van die Afrikaner-wetenskaplike geskiedskrywing gestempel het. Daarin is politieke, kulturele en wêreldbeskoulike tendensies langs die

10. F.A. van Jaarsveld: "Die eerste openbare Viering van 16 Desember" (*T.G.W. SAAWK*) 27/1, Maart 1987, en "Die Ontmitologisering van die Afrikaners se Geskiedbeeld" (A.J. Coetzee (red): *Hulsels van Kristal*, Kaapstad 1981), pp. 198—210. Kyk ook "Historiese Spieël van Bloedrivier" in F.A. van Jaarsveld: *Die Evolusie van Apartheid*, Kaapstad 1979, pp. 46—89.
11. *De Express*, 21.10.1890.
12. Gegewens uit F.A. van Jaarsveld: *Die Ontwaking van die Afrikaanse nasionale Bewussyn*, Johannesburg 1957, pp. 130, 138, 154—55 en 165; *Die Afrikaner en sy Geskiedenis*, Kaapstad 1959, pp. 63—118 en — *Omstrede Suid-Afrikaanse Verlede*, Johannesburg 1984, pp. 11—13.

verskuiwende tyd weerspieël. U G Lauts se *Kaapsche Landverhuizers* (1847) was 'n spieël van Voortrekkerdenke: Die Trek was 'n alternatief vir rebellie, 'n "uitvlug" van vreemde oorheersing in die wildernis om 'n nuwe vaderland te vind, 'n daad wat die beskawing en Christendom noordwaarts tussen "bloeddorstige diere en nog bloeddorstiger Swart stamme" ingedra het. H Cloete het in sy *Three Lectures on the Emigration of the Dutch Farmers* (1852) die Voortrekkers "a most respectable, powerful, and numerous body of men" genoem, wat as alternatief vir 'n opstand hulleself vrywillig uit die Britse kolonie onttrek het, nie deur goud gelok nie, maar op grond van regmatige griewe teen hul owerheid om 'n land op wettige wyse te verkry. J Stuart wou in sy *De Hollandsche Afrikanen en hunne Republiek in Zuid-Afrika* (1854) die ekonomiese aandag van Nederland vra vir 'n landstreek wat as gevolg van die Groot Trek in 1852 deur Brittanje prysgegee is. Hy het die Voortrekkers as dapper en vryheidsliewende mense van Hollandse afkoms voorgestel. 'n Boek wat onder invloed van Afrikanernasionalisme die Groot Trek vir die eerste keer binne die geheel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis ingeorden en 'n sentrale plek daaraan toegeken het, was S J du Toit en C P Hoogenhout se *Die Geskiedenis van ons Land in die Taal van ons Volk* (1877). Daarin kom verontwaardiging voor oor Britse onreg, veral oor Slagtersnek wat as historiese mite laat herleef is, maar ook oor die anneksasie van Natal. Die Trek word as een van die "vernaamste" gebeurtenisse onder die Engelse bestuur in die Kolonie beoordeel. Ook is dit apologeties en ontkenkend wat beskuldigings betref soos grondname, uitroeiing en verslawing van Swartes teenoor wie slegs in selfverdediging opgetree is. Die ou historiese driehoek van Boer, Brit en Swarte, vorm die struktuur van die gebeurtenisse waarin die Engelse verwyrt word van kankiesing vir Swartes. Dit was die Trek, aldus die boek, wat leiers en helde aan die Afrikaners gegee het — 'n nasionale epos van opoffering, dapperheid, lyding en stryd vir die vryheid.

'n Boek wat ook die resultaat van emosionele nasionalisme was, vind ons in J D Weilbach en C N J du Plessis (die werklike skrywer) se *Geskiedenis van de Emigranten-Boeren en van den Vrijheidsoorlog* (1882), wat die geskiedenis van Suid-Afrika sien as 'n stryd tussen Boer en Brit. Dit is 'n verhaal van hoe die Voortrekkers en hulle nasate deur die Engelse behandel is, 'n verzet teen onderdrukking en 'n oorwinning vir die vryheid. Vaderlandsliefde is die doel van die geskiedenisvertelling. Van groter diepte getuig F Lion Cachet se *Worstelstrijd der Transvalers* (1882) waarin 250 bladsye aan die Groot Trek en die heldedade en vryheidstrewes van die Voortrekkers gewy word. Die skuld vir die Trek en stryd daarna, word voor die deur van die Engelse gelê en die Voortrekkers se dade, ook teen Swartes, verdedig en beskuldigings ontken soos 'n vlug van wet, orde en beskawing, die verslawing van Swartes en die afneem van hulle grond. Volgens Cachet het die Boere 'n trekgeesmentaliteit gehad wat 'n voorwaarde was vir Afrika se oopstelling vir die beskawing. Die Trek as vryheidsbeweging was 'n veiligheidsklep vir opstand in die Kolonie en het tot die geboorte van Transvaal gelei. 'n Belangrike boek wat sowel nasionaal en internasionaal as bron van kennis van die Groot Trek tot ongeveer 1930 gedien het, was George McCall Theal se *History of the Boers in South Africa or the Wanderings and Wars of the Emigrant Farmers* (1887) wat later as deel IV van sy *History of South Africa* wyd bekend geword en as grondslag gedien het vir sowel die Republieke se kennis van die Groot Trek as die buiteland wat gedurende die Anglo-Boereoorlog pro-Boer ingestel was. Sowel in Vrystaat as Transvaal is hierdie Engelse boek as gesaghebbend en simpatiek teenoor die Republiek met waardering aanvaar. Die Theal-perspektief op die Suid-Afrikaanse verlede (tesame met George Cory se *Rise of South Africa* (1910–1930) het op die beginsel van die Blanke uitbreiding oor die aardbol en die oorwinning oor inheemse weerstand in vreemde kontinente gestaan, 'n "kolonialistiese" benadering wat 'n Wit-sentriese beeld van die verlede geskep het. Hulle was kinders van hulle tyd en in die mode soos ook Hollandse of Afrika-

nerskrywers wat aansluiting by die destydse Westerse koloniale en imperiale, selfverheerlikende geskiedskrywing gevind het om byvoorbeeld aan J R Seeley se *Expansion of England* te dink.

Vir Theal was die Voortrekkers die draers van die Blanke beskawing en die Swartes barbare. Sy voorstelling van die Groot Trek het berus op 'n aanklag teen die Britse koloniale beleid berustende op wanbegrip en pro-Swartpolitiek — en teenoor die sendelinge wat deur valse voorstellings rassebetrekkings sou beduiwel het. Die Trek was volgens Theal 'n "unieke" gebeurtenis wat uit reaksie teen wanbestuur tot 'n nuwe tuiste in die wildernis gelei het — 'n massa-emigrasie van blanke beskawingsdraers, wat onafhanklikheidshalwe 'n plek tussen heidene moes verower. Ook hier vind ons 'n verdediging van die Voortrekkers met skuldaantoning aan die ander kant. Theal oordeel dat 'n groot diens aan Suid-Afrika — Wit en Swart — bewys is deur die onderwerping van tiranne. Hy wys op die rol van die Ou Testament wat die Trekkers as "God's peculiar people" laat verskyn het en vergelyk die Bloedriviervegters met Cromwell se "Ironsides". Hy was een van die eerste skrywers wat op die rol van die Voortrekkervrou en op die swakhede van die Trekkers — jaloesie onder leiers — gewys het. Theal is nagevolg deur talle skrywers ná hom, ook deur ds J D Kestell wat in sy *De Voortrekkers* (1893), van sy standpunte herhaal het. Sy doel was om die jeug vertrouwd te maak met die dade van die "voorgeslag", trots te wek en 'n "nasionale" oogmerk te bereik, nl. om te bewys dat die Afrikaners 'n geskiedenis het waaroor hulle hul nie hoef te skaam nie. Ook Kestell sien die Groot Trek as 'n vryheidsbeweging, tree verdedigend op teen beskuldigings en oordeel dat die Voortrekkers se gelykes nie weer sal opstaan nie. N J Hofmeyr in sy *De Afrikaner-Boer en de Jameson-Inval* (1896), C N J du Plessis in *Uit de Geschiedenis van de Z.A. Republiek en van de Afrikaanders* (1900) en J F van Oordt in *Paul Kruger en de Opkomst van de Z.A. Republiek* (1898) vertolk die Groot Trek uit die perspektief van "rassehaat" tussen Boer en Engelsman. Die Groot Trek was 'n bewoonbaar-making van die wildernis. Terwyl die Amerikaners die Indiane uitgeroei het, het die Boere die Swartes gespaar en beskerm en het die Engelse hulle kant uit selfsugtige oorwegings gekies. Van Oordt beklemtoon die soeke na 'n hawe en sien die Groot Trek as uniek in die wêreldgeskiedenis — slegs die uittoeg van "Gods volk" uit Egipte kan daarmee 'n vergelyking deurstaan.

Die vooroorlogse Afrikanernasionalisme word goed verteenwoordig deur J C Voigt se *Fifty Years of the History of the Republic in South Africa 1795—1845* (1899). As Afrikanernasionalis wat uit 'n anti-koloniale en anti-imperialistiese perspektief skryf, het hy die eerste groot interpretatiewe werk oor die Groot Trektijd uitgebring. Hy sien die Trek as 'n direkte voortsetting en herlewing van die "Republieke" Graaff-Reinet en Swellendam se opstand van 1795 — volgens hom 'n protes teen vreemde oorheersing en onderdrukking deur die Nederlands-Oos-Indiese Kompanjie. Die verset teen soortgelyke oorheersing deur die Britte ná 1806, het in 1815 met Slagtersnek gefaal, is egter uitgestel en het met die tweede poging, nl. die Groot Trek, geslaag. Die "Nasionale Party" wat Suid-Afrika in die sentrum gestel het, aldus Voigt, het in 1795 ontstaan, gedra deur grensboer-pioniere wat voorstanders was van selfregering teen buitelandse outokratiese despotisme. Hierdie republikeinse gees staan volgens Voigt in direkte verband met die Groot Trek. Hy wil die veragte grensboer-pionier as "nuwe nasie" te vergelyke met die Amerikaanse pioniers, in eer herstel en verheerlik hulle vryheidsbeweging teenoor die misdade van die "Empire Builders". Voigt spog met die grensboer-prestasies wat die Christelike beskawing teenoor sowel die heidense barbarisme as Britse imperialisme die woeste binneland ingedra en in selfstandige republieke gevestig het. Die skrywer redeneer dat die edele grensboer-pionier in 1836 herstel het wat in 1806 verloor is. Dit onderstreep hulle betekenis. Hulle is die mense wat Suid-Afrika werklik as vaderland aanvaar het en was dus verantwoordelik vir



die daarstelling van 'n Afrikanernasionaliteit. In Retief sien Voigt 'n "Afrikaner-Balboa". Sy Manifes het aansyn aan "'n nuwe nasie" gegee. Die Groot Trek het 'n republiek geskep waarin die Afrikaner sy identiteit kon uitlewe en teen vreemde oorheersing beveilig. Hy verdedig die Afrikanerrepublikeine teen skewe voorstellings in verband met hulle behandeling van Swartes. Hulle was nie die aanvallers teen Swart tiranne nie maar selfverdedigers. Voigt tref skerp onderskeid tussen die rasse. Die Voortrekkers het die opperheerskappy van die "Blanke ras" gevestig en verhinder dat Suid-Afrika 'n "Swart land" sou word, d.w.s. die binneland is in teenstelling met die Kaapkolonie in 'n "Witmansland" omskep. Hierdie perspektief sou dikwels in die 20ste eeu herhaal word.

### 2.3 *Twintigste eeuse langafstand-perspektiewe: nasionalistiese wapentuig, narcisme en parogialisme*

Die nederlaag van die Boererepublieke en hulle inlywing by die Britse ryk het die fisiese gevolg van die Groot Trek opgehef wat dit in 1910 deur unifikasie in 'n groter Suid-Afrika laat tuiskom het. Die idee van die republiek is egter nie dood nie maar het in die vorm van 'n politieke party in die 20ste eeu voortbestaan en om 'n eie identiteit en nasionale bestemming vir die Afrikaners teen "die Engelse" voortgeveg — 'n stryd tussen "Nat" en "Sap" wat in 1948 gewen en in 1961 op die Eerste RSA uitgeloopt het. Dit was 'n "herstel" van die idee van die Groot Trek se republikeinse onafhanklikheid. Naas nasionaliteit was godsdiens en geskiedenis wapens in die stryd. Milner het die onderrig van geskiedenis aanvanklik verbied uit vrees dat "vaderlandse" geskiedenis gesentreer om Slagtersnek, Bloedrivier en Majuba na sedisie sou lei.<sup>13</sup> Toe dit heringestel is, was dit op die wye Britse wêreldryk gebaseer. Dit het tot verontwaardiging en verset gelei soos blyk uit Jan Brink se tipiese verklaring: "Onze geschiedenis is de kern van ons volksbestaan. Zij is te duur met bloed en tranen gevormd dat men zou toelaten dat zij niet behoorlijk aan het opkomend geslacht onderwezen wordt. Naast de Bijbel, moet geschiedenis geleerd worden ... Laat onze geschiedenis ons heilig zijn ... zonder geschiedenis is onze volk zonder ruggesgraat"<sup>14</sup>. In die volkslewe, onderrig en politiek wat geskiedenis tot bondgenoot gemaak het, het die historiese bewussyn die politieke handeling bepaal. Voordat vorentoe gekyk is, is eers teruggekyk.

Die volksgeskiedskrywer, G S Preller, het in sy *Piet Retief* (1906) wat tot 1930 10 drukke beleef het, Voigt se nasionalistiese perspektiewe op die Groot Trek voortgesit in 'n poging om die diskontinuiteit in Afrikanergeskiedenis wat deur 'n oorlogsnederlaag teweeggebring is, te oorbrug met die boodskap dat die verlies van onafhanklikheid nie die einde van die Boerevolk beteken nie. Dit kon op die grondslag van die Groot Trek binne die Britse ryk voortgesit word want hierdie "heldetydperk" van die Afrikanerdom het 'n nasionale beweging beteken, uit sy "opkomsgeskiedenis" kon lesse vir die alledaagse lewe geleer word. Sonder die Groot Trek sou daar nie 'n Afrikanervolk gewees het nie: Retief as "regskape, opregte Afrikaner" het aansyn aan 'n nuwe nasie gegee, die toekomstige vrye Afrikanervolk waarvan hy die "siel" was. Die wêreldgeskiedenis, aldus Preller, lewer geen groter skouspel van menslike opoffering en volharding, van lyding en heldemoed as die Voortrekkers nie — alles ter wille van vryheid. J H Malan het dit in sy *Boer en Barbaar* van 1913 geëggo terwyl T B Muller in sy *Geloofsbelijdenis van 'n Nasionalis* (1913) beweer het dat die Afrikaner 'n produk is nie net van sy natuurlike omgewing nie maar van sy geskiedenis: in die botsing met die inboorling is sy rassuiwerheid bewaar en in die stryd teen

13. Cecil Headlam: *The Milner Papers* II, p. 243.

14. *De Volkstem*, 6.6.1903. Kyk ook 16.4.1904 na 'n verklaring van ds Brink.

die Engelse is sy volksbewussyn voortgebring. Gustav Preller was in die *Dagboek van Louis Trichardt* (1917) oortuig dat die Groot Trek tot rassebewustheid en die "supremasie" van "blanke bloed" gelei het waarin die Witman hom as die "meerdere" van die Swartes bewys. Moontlik het die term "ras" onder invloed van die toestroming van Swartes na die stede en die Nasionaal-sosialisme al meer in gebruik gekom. Dit blyk uit verskeie dinge, o.a. in G S Preller se *Andries Pretorius* (1938) waarin hy as Afrikaner uit 'n Afrikaner-standpunt vir Afrikaners skryf en klem op "ras" rondom Bloedrivier lê. H B Thom sou hom later volg waar Preller dit oor "huurlinge" van die veroweraar in Natal en "die Afrikaner in Engelse diens teen mede-Afrikaner" het, wat aan die Nat-Sapstryd van hulle tyd herinner. Waar Preller Potgieter verkleineer het, het C Potgieter en N H Theunissen in *Hendrik Potgieter* (1938) hom in eer herstel: Met hom begin die werklike Groot Trek — hy het die spitwerk verrig en die toekoms militêr vir die "Witman" beslis. Napier was 'n "kafferboetie" en "Boerehater".

Die leefwêreldlike historiese bewussyn kom ook sterk in skoolgeskiedenisboeke en Dingaansfees-toesprake te voorskyn. Deur instrumentalisering en manipulering — ook in die klaskamer — was dit maklik om deur assosiasie die "onreg", "barbarisme" en gelykstellingsbeleid van die Groot Trek-tyd aan die politieke kultuur van die Engelse, die Sappe (of VP-riktig) te verbind en die "Swart Gevaar" as 'n bedreiging vir "Blank Suid-Afrika" en die "Blanke Beskawing" voor te hou. 'n Mens sou 'n insiggewende studie kon skryf as skoolboeke oor 'n eeu of meer as bron benut word om gesindhede, mentaliteite, houdings en die selfverstaan van die Afrikaners te bestudeer. Hier is daar slegs ruimte om te verwys na Eric Stockenström se *Handboek van die Geskiedenis van Suid-Afrika* wat in 1922 in die Voortrekkerreeks verskyn het. Onder die oorsake van die Groot Trek word 'n negatiewe beeld van sowel die Engelse, die "filantropiese" sendelinge, veral dr Philip, die "kampvegter" vir Swartes en sy "gelykstellingsbeleid" geteken. Dit het 'n "vyandige gevoel by die kleurlinge teen die witmense" laat ontstaan. Die sendelinge se "nobele" en "onskuldige" barbare het geroof, gesteel en huise afgebrand. "Gruwelike moorde" is op "weerlose vroue en kinders" gepleeg. Meisiekinders is aan bome vasgebind "en onteer, hul liggame met die skerp asgaai vermink, en eindelik onder die vreeslikste pyniging dood(ge)martel met 'n wreedheid waarvan 'n kuns gemaak is". Die sendelinge het "leuenagtige" en "infame" rapporte opgestel terwyl hul "gekleurde dissipels in luiheid, ledigheid en derhalwe morsigheid en smerigheid" geleef het. Die klem het sterk op "ras" geval. Dr Philip se Ordonnansie 50 "het aan die gekleurde gelyke politieke regte" toegeken. Dit was die oorsprong van die sogenaamde gelykstelling, wat een van die groot griewe van die burgers was<sup>15</sup>, wat natuurlik deur die Groot Trek uitgeskakel is en wat as voorbeeld vir die hede kan dien. Hierdie tipe gees kom ook in latere skoolboeke tot uiting.

Die geskiedenis van die Groot Trek is ook benut om republiekwording te onderskraag. As gevolg van industrialisasie en 'n veranderde leefwêreld wat deur verstedeliking voortgebring is, het geskiedenis tot keusevak op skool geword en begin verval, wat saamhang met die begin van 'n nedergang ná 1948 van die historiese bewussyn. Daarvoor is alarm in wye kringe — kultureel, opvoedkundig en polities — geslaan. In 1954 lees ons dat 'n volk wat sy geskiedenis veronagsaam "gevaar loop om sy identiteit te verloor"; dit is 'n "magtige wapen" om Afrikanerbewustheid en 'n "nasionale gevoel" op te wek en "vaderlandsliefde" te kweek. Verval dit, word "nasionale selfmoord" gepleeg<sup>16</sup>. In die Parlement is in 1957 gehoor: "Naas godsdiens is geskiedenis een van die magtigste wapens wat die volk van Suid-Afrika", bedoelende Afrikaners, "op die regte pad" gelei en opge-

Vgl. pp. 103—113.

*Die Transvaler*, 7.10.1953 en 23.10.1954.

bou het<sup>17</sup>. Die totstandkoming van die Historiese Genootskap in 1956 was eerder 'n gevolg van die verval van die historiese bewussyn as 'n uitvloeisel daarvan. Soos daar teen 1874 en ná 1902 verset was van Afrikanerkant teen eensydige Engelse skoolgeskiedenis (Cape en British History) so was daar ná 1948 van Engelse kant kritiek teen Afrikaersentriese leergange, maar sedert 1974 ook verset van Swart kant teen eensydige Blank-sentriese leergange.

Aan die begin van die 20ste eeu is feeshuise deur feeskomitees orals op die platteland opgerig waarin Bloedrivier jaarliks herdenk is. Die perspektief wat in feestoesprake en preke sedertdien uitkom, het al meer betrekking gehad op die verhouding tussen Swart en Wit, was dus ook "ras"-gesentreerd. In 1903 lees ons dat Bloedrivier die laaste beslissende slag tussen "wit en swart" was en uitgemaak het "welke der rassen" die land sou bewoon. "Afgrypslike monsters van wreedheid en barbaarse slagting" het dit met onuitwisbare letters in die hart van "iedere Afrikaner" gegrif. 'n Onskendbare "verdrag" is met God daar "gesluit"<sup>18</sup>. In 1910 het oud-president Steyn op die wêreldwye Swart gevaar gewys wat 'n "bloedbad" kan ontketen. Pretorius het "die nek van die barbaar gebreek"<sup>19</sup>. Genl Hertzog het in 1929 op Dingaansdag beweer dat die 1838-slag vir die "Europese ras" vanaf die Kaap tot aan Nyassa beslissend was; "beskawing" het oor "barbarisme" getriomfeer maar die Suid-Afrikaanse beleid daarna staan in skerpe teëstelling met die behandelings van die inboorling deur die "witman" van Amerika, Australië en Nieu-Seeland. Bloedrivier het van Suid-Afrika 'n "witmansland onder die witman se heerskappy" gemaak, aldus Hertzog. Die stryd om gelyke regte was 'n stryd om die stemreg. Die kern van die saak was vir Hertzog nie gelykheid nie, maar "wie vir die toekoms oor Suid-Afrika sal beskik — die Witman of die Naturel?"<sup>20</sup>, 'n vraag wat vandag eers relevant en aktueel is.

Die Eufeeseviering van 1938 was in baie opsigte 'n politieke aangeleentheid onder die mantel van 'n "volksfees", 'n soort reaksie teen die Smuts-Hertzogsamesmelting van 1934 wat mense wat "bymekaar hoort" op grondslag van die verlede "bymekaar" moes bring en die republikeinse beginsel propageer. In sy Dingaansfeestoespraak op die Bloedrivier-terrein het dr D F Malan verklaar dat hulle op "heilige grond" staan en dat dit vandag gaan (soos toe) oor "die magposisie van die blanke ras", veral in die stede waar die nuwe "Bloedrivier" teenoor die verstedelike Swart arbeiders geveg sal moet word. As daar nie "redding" deur Apartheid kom nie, sal die "ondergang van Suid-Afrika as witmansland" beseël word<sup>21</sup>. Ds J D Vorster het Dingaansdag tot 'n "heilige verbondsdag" vir die Afrikaner verklaar<sup>22</sup>. Henning Klopper het uit die Voortrekkerideaal die Afrikaner toegeroep: "God het Suid-Afrika aan jou gegee. Niemand sal dit uit jou hand ruk nie ... Jou toekoms is versekerd"<sup>23</sup>. Ds Harper Martins was oortuig dat op 16 Desember 1938 deur "Godsbeskikking" "Jafet aan Cham" 'n nederlaag besorg het<sup>24</sup> en Dirk Mostert: "God het ons geroep" — met 'n opdrag. Die roeping is bevestig deur "'n onskendbare eed tussen God ... en die Voortrekkers", 'n "heilige verbond" waarmee die Afrikaner se "roeping en

17. *Hansard* 19, 3.6.1957, kolom 7339.

18. *De Volkstem*, 9.12.1903.

19. J.J. Oberholster en M C E van Schoor, *President Steyn aan die Woord* (Potgietersrust 1953), pp. 214–217.

20. F.J. du Toit Spies e.a. (reds): *Die Hertzogtoesprake V*, Johannesburg 1977, pp. 233–239.

21. Dirk Mostert (red), *Gedenkboek van die Ossewatrek, 1938*, pp. 625–630.

22. Anonieme program: *Dingaansdag, 1838–1938: Eufeeseviering ... op die Pad van Suid-Afrika*, s.j., p. 5.

23. *Ibid*, pp. 9 en 11.

24. Dirk Mostert, *op. cit.*, p. 72.

verkiesing vir ewig met God vasgemaak is"<sup>25</sup>. Die inwydingsfees van die Voortrekkermonument in 1949 was sowel 'n fees vir die triomf van Afrikanernasionalisme as Apartheid. Namate die wêrelddruk en isolasie van Suid-Afrika oor sy rassebeleid toegeneem het, het die viering van 16 Desember 'n nuwe betekenis gekry: Dr J G N Ross het in 1966 verklaar dat Bloedrivier slegs "die stryd tussen wit en swart laat ontbrand het, nie beëindig het nie"<sup>26</sup>. M C E van Schoor was in dieselfde jaar van mening dat die situasie by Bloedrivier "in haas alle opsigte" parallel met ons "huidige situasie" is: "Steeds staan 'n klein minderheid blankes teenoor 'n geweldige oormag van vyandige swart volke van Afrika" — daar is diégene wat "in die gees met die rug teen die muur veg, as't ware die laaste linie gaan inneem het", maar ook diégene wat deur die onverskillig- en sielloosheid "van liberalisme verlam is"<sup>27</sup>.

Om die "heilige verbondsdag" onskendbaar te hou teen die "ontheiliging" deur inwoners van Suid-Afrika wat hulle nie daarby betrokke voel nie, het dr D F Malan in 1952 toegelaat dat 'n Apartheidswet aan 16 Desember as openbare vakansiedag gekoppel word (iets wat Paul Kruger, pres Steyn en genl Hertzog voor hom steeds geweier het), wat dit onder die Sabbatwet of 'n godsdienstige vakansiedag laat ressorteer. Daardeur is die vryheid van 90 persent en meer van die bevolking in die belang van 'n Afrikanertradisie aan bande gelê. Die dokumentêre gronde vir so 'n stap is onoortuigend soos ook die bewering dat alle Afrikaners gebind is om 16 Desember te vier. 'n Voorbeeld van die soort bygeloof en fanatisme van ons tyd wat op 'n argaïese geskiedenisopvatting berus, kom van 'n briefskrywer in 1987: "Die Geloofte het drie dinge ingesluit, naamlik: om 'n tempel (sic) te bou, om die dag as 'n Sabbatdag te onderhou, en dat dit bindend sal wees vir die nageslagte ... Die Afrikaner wat dit verwerp, is geen Afrikaner nie, al praat hy Afrikaans, al bou hy aan sy kultuur en al het hy 'n wit vel"<sup>28</sup>. Die vraag is of die jaarlikse feesviering nie tot 'n soort kisgeskiedenis verword het nie, en of die Cilliers-dokument soos gerekonstrueer deur G B A Gerdener in 1919 en in Afrikaans vertaal deur W E G Louw nie onnadenkend verabsoluteer is nie. Daar kan ook gevra word of die viering nie dalk in 'n soort politieke godsdienst verander het nie, waartydens die Groot Trek bloot nog as simbool en ritueel funksioneer, en daarom deur al minder mense bygewoon word<sup>29</sup>. Die huidige ekstremiste se beroep op "die god van ons Vaders" staan in direkte teëstelling met die God van die Bybel, en die "volkskerk" met 'n Christuskerk. Daar was tye in Afrikanergeskiedenis waarin die "Christelik-Nasionale" ideologie van 'n religieus-bepaalde nasionalisme tot 'n nasionalisties-bepaalde religie oorgegaan het. Die opvatting dat die Afrikanerdom 'n "verdrags-" of "verbondsvolk" is, is 'n wanopvatting van die geskiedenis en 'n perversie van die Bybelse bondsgedagte. Wanneer die voorstelling van die eie verlede verabsoluteer word en die mens blinddoek, kan 'n geskiedkultus die krag van 'n politieke godsdienst verkry wat die denke laat versandsuiker. 'n Histories-vertraagde bewussyn bemoeilik aanpassing by veranderde hede-omstandighede en hou 'n gevaar vir die toekoms in.

### 3. Die Groot Trek in die wetenskaplike historiese bewussyn: simpatieke meeleving maar ook realisme en ontmitologiserende perspektiewe

Dit was veral die Eufeesviering van 1938 wat wetenskaplike navorsing oor die Groot

25. Dirk Mostert, *op. cit.*, pp. 85 en 215.

26. *Die Huisgenoot*, 16.12.1966, p. 81.

27. *Die Taalgenoot*, Des. 1966, p. 18.

28. *Rapport*, 14.6.1987.

29. *Kyk voetnoot 10 van hierdie studie.*

Trek gestimuleer en "volksgeskiedenis" bevorder het. In *Die Weg na die See* (Argiefjaarboek I, 1938) vestig D W Kruger die aandag op die handelsaspek van die Voortrekker en sy strewe na 'n eie hawe. Hy wil nie die Voortrekkergeskiedenis as 'n "onbeduidende onderdeel" van Britse koloniale geskiedenis beoefen nie maar vanuit sy "volk", staande op "Afrikaanse bodem". Vir hom was die Trek "'n daad van nasieskap" en 'n "eerste" uiting van Afrikanernasionalisme. H B Thom het na die waarheid gestreef "vanuit die midde van sy volk", gewortel in 'n eie "kulturbodem", want die heldefigure het gehelp "om koers te gee" en mense na die "eie" te lei<sup>30</sup>. Thom se *Gert Maritz* (1947) en *Die Geloftekerk* (1949) getuig hiervan. In teëstelling met Preller se subjektiewe Retiefbeeld korrigeer hy feite en ontdek Maritz as 'n belangrike, "sentrale" figuur van die Groot Trek. Die Voortrekkerlewe word geskilder maar sy eie tyd se terminologie op die verlede oorgedra: Hy sien die Trekkers as "rasegte Afrikaners", ja, "die eerste egte Afrikanernasionaliste", hy praat van Trekkerkinders as "Afrikanerseuns en -dogters", veroordeel "die Afrikaner in Engelse diens", noem Mzilikazi "'n gewetenlose, bloeddorstige wreedaard" terwyl Dingaen hom aan "barbaarse moorddadigheid en dierlike bloeddorstigheid" skuldig gemaak het. In die *Geloftekerk* word die Voortrekkers as "fakkeldraers" van die blanke beskawing in 'n "donker wêrelddeel" gesien. Thom praat van die Brit se "onbesonne gelykstellingsbeleid", maar loof die Trekkers se beginsel van "differensiasie" binne 'n klein "eiland" van die Christendom en 'n "oseaan" van die heidendom. "Bybel in die hand" het hulle teen die verval tot die heidendom gewaak. Hy stel die Voortrekkers se beleid nl. "skeiding en apartheid" (sic) as 'n voorbeeld vir sy tyd deur middel waarvan die "blanke erfenis" bewaar kan word, en regverdig Apartheid dus uit die Voortrekkergeskiedenis.

Thom se leerling, C F J Muller, het tot die grootste gesaghebbende oor die Groot Trek ontwikkel. Sy doel is nie om te loof, te prys of lesse te soek nie, maar slegs om te verstaan en te verklaar. Hy ontleed vier faktore agter die Britse optrede in *Die Britse Owerheid en die Groot Trek* (1949), wat breë perspektiewe bied, nl. die finansiële, kommersiële, imperialisme en ryksbeveiligings- en die filantropiese faktor wat in volgorde van relatiewe belangrikheid behandel word, teen die agtergrond waarvan die oorsake van die verhuising, materieel en geestelik, logies ontplooi word. In *Die Oorsprong van die Groot Trek* (1974) bereik die Afrikanerhistoriografie 'n hoogtepunt. Die agtergrond word behandel en die oorsake, trekgedagte en sy "ontvlaming" uiteengesit, wat ons 'n dieper begrip van die Trek as historiese verskynsel gee. Muller laat hom uit oor die betekenis daarvan tot in ons tyd. In 1973, so betoog hy, was die Groot Trek nog verseker van 'n "sentrale posisie" in die Suid-Afrikaanse gekiedenis want die beleid van "segregasie en differensiasie" — 'n direkte gevolg van die Trek — was nog "'n volle beheer" te midde van 'n politiek-bewuste Swart en Bruin Afrika. Soos ander voor hom wys hy op die verbreking van die mag van Swart potentate, die opsplitsing van Suid-Afrika in vier dele wat tot grondslag van sy latere provinsiale indeling geword het en die "aparte" voortbestaan tot vandag toe van twee mekaar bestrydende blanke groepe. Ook Afrika is deur die Groot Trek beïnvloed waarin dit 'n "unieke" verskynsel was.

Muller oordeel dat dié gebeurtenis meegewerk het dat die RSA "'n Wit Reus" kon word, tans met sy rug teen die suidelike oseane — in selfverdediging teen sowel Swart Afrika as ander moondhede. Dit was die Groot Trek, aldus die skrywer, wat die tradisie van skeiding en differensiasie tussen Blank en Swart gevestig het, wat teen die jare sestig tot 'n "krisispunt" in die verhouding tot Afrika geword het. Hy glo die Trek het verhoed dat die dun Blanke koloniasiestroom in die massamens van Swart Afrika heeltemal, "verbruin, vergeel en verblas" het soos in ander kolonies deur Europeane beset. Die skrywer

30. *Die Stellenbosche Oud-Student XII, 1943.*

sien die Trek as 'n "relatief geslaagde opstand" teen die Britse beleid van "rassegelykstelling en -integrasië" wat die "Witman" in 'n magposisie in republieke te midde van 'n Nie-Blanke meerderheid geplaas het. So sterk was die tradisie van skeiding dat, selfs met die verdwyning van die Republieke hul "kleurbeleid" as tradisionele beleid aanvaar is. Die Trek het die ontwikkeling van Suid-Afrika se ryk minerale neerslae verhaas. Die besetting van 'n groot deel van die binneland het aan die Blankes 'n "voorsprong" tot vandag toe teenoor ander Swart state gegee, wat die Groot Trek tot 'n feit van "wêreldbelang" teen die jare sestig laat word het. Die Trek was die eerste geslaagde afwerping van oorsese beheer en het selfs na die verowering van die Republieke invloed uitgeoefen in die vorm van 'n "Afrikanergrief" wat in 1961 met die republiekwording van die Unie herstel is. Muller wys ook op die kerklike gevolge van die Groot Trek. Die tydelike verlies van kerklike beheer sou verdeeldheid bring waaruit drie Afrikaanse kerke ontstaan het. Hulle het geswig vir die staat se standpunt van differensiasie, diskriminasie en rasseskeiding wat tot "aparte" sendingkerke gelei het.<sup>31</sup>

'n Kerklike perspektief op die Groot Trek toon 'n twis oor die "kerknaam" — "Hervormd" of "Gereformeerd", wat tot vandag toe voortduur<sup>32</sup>. Dit raak nl. die Nederduits Hervormde Kerk van Afrika en die Nederduits-Gereformeerde Kerk. Eersgenoemde het sy bestaan gewettig deur voor te gee dat hy 'n voortsetting van "die" Voortrekkerkerk en die "staatskerk" van die Z.A. Republiek is, gegrond op die afkeer van "gelykstelling" en "Engelse" gesindheid van die Kaapse N G Kerk wat die Groot Trek weens sy verengelsing veroordeel, en sy voortsetting in Transvaal gehad het. Genoemde kerk se voortbestaan en verskanste geskiedbeeld is op tradisie gegrondves<sup>33</sup>.

In 1950 het A N Pelzer 'n sosiaal-ekonomiese perspektief op die verhuisde grensboergemeenskap in Transvaal gebring, nl. in sy *Geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Republiek*, en die Boerementaliteit verklaar as aanpassing by pioniersomstandighede. F A van Jaarsveld het in 1951 *Die Eenheidstrewer van die Republikeinse Afrikaners* uit 'n antropogeografiese perspektief verklaar en die strewer na vereniging wat tot 1899 geduur het as 'n sentrale tema van die Groot Trek aangewys, 'n gebeurte wat Suid-Afrika as gevolg van 'n vrywillige onttrekking in 'n "Republikeinse Noorde" en "Koloniale Suide" opgesplits het. Daaruit het spanninge en botsings voortgekom, ook ten opsigte van grense soos blyk uit sy *Vaalrivier omstrede Grenslyn* (1974).

G D Scholtz sien die Groot Trek as 'n uitvloeisel van 'n Afrikaner-lewensbeskouing wat tot 'n "kulturbotsing" met die Britte gelei het, en wat sou verhinder dat die Afrikaners as volk verdwyn, hoewel dit 'n "onnatuurlike verdeeldheid" onder hulle gebring het, o.a. 'n teëstelling tussen die Noordelike en Suidelike Afrikaners wat tot vandag toe voortduur<sup>34</sup>. Omdat daar te weinig Trekkers was, het hulle besetting van Afrika nie verder as die Limpopo kon vorder nie. Hulle was swak toegerus vir 'n selfstandige bestaan en het 'n fout begaan deur van Swart arbeid afhanklik te word. Daar heers verskil van mening onder historici oor die vraag of die Groot Trek 'n uiting van Afrikanernasionalisme was en of sy nasionalisme nie eerder as gevolg van die Trek ontstaan het nie. C Beyers, D W Krü-

31. C.F.J. Muller, *Die Oorsprong van die Groot Trek*, pp. 18–26.

32. G.D. Scholtz, *Ons Kerknaam* (Johannesburg 1951) en *My Antwoord aan prof. dr. S.P. Engelbrecht* (Johannesburg 1957) n.a.v. 'n polemieë en Engelbrecht se *Geskiedenis van die Nederduits-Hervormde Kerk van Afrika* (Pretoria 1953). Kyk ook G D Scholtz, *Die Geskiedenis van die Nederduits-Hervormde Kerk van Suid-Afrika 1885–1910*, 2 dele (Pretoria 1957). Vgl. ook B. Spoolstra, *Die "Doppers" van Suid-Afrika 1760–1899*, Kaapstad 1963.

33. F.A. van Jaarsveld, *Apologetiek en Objektiviteit in ons Kerkgeskiedskrywing* [Kaapstad 1953].

34. *Die Ontwikkeling van die politieke Denke van die Afrikaner II 1806–1854*, Johannesburg 1970, pp. 289, 308, 609 en 611.

ger en M C E van Schoor is voorstanders van eersgenoemde standpunt terwyl F A van Jaarsveld, C F J Muller en G D Scholtz laasgenoemde standpunt verteenwoordig.

In *Andries Pretorius in Natal* (1977) teken B J Liebenberg 'n realistiese beeld van die held van Bloedrivier en Trekleier-staatsman, gestroop van sy Prellerse stralekrans. Ons sien sy ydelheid en swakhede as mens naas sy voortreflike eienskappe. Liebenberg ontmitologiseer die "wonder" van Bloedrivier deur die rede vir die oorwinning aan menslike oorsake, tegniese, taktiese en strategiese, toe te skryf. Die Slag van die Wit Umfolozi was 'n "morele oorwinning" vir die Zoeloes en dié teen Ncaphayi 'n klad op Pretorius se naam en dié van sy kommando. Hy was egter 'n sterk gees met groot dryfkrag. Deur 'n historikus van die jonger geslag is ook *Sarel Cilliers* soos in 1919 deur G B A Gerdener voorgestel, gestroop van sy stralekrans as "profeet", "kerkvader", "godsmann" en "vader van Dingaansdag". Dit geld P S de Jong se *Sarel Cilliers* (1987) waarin die tradisionele beeld hersien en ontmitologiseer word. Cilliers was nie die groot leier soos aangeneem is nie, maar wetties, vervolgsugtig en eersugtig. De Jong betwyfel ook Cilliers se verslag oor die gelofte van 9 Desember 1838 en toon dokumentêr aan dat daar nie voldoende gronde vir die Sabbatsklousule van 1952 soos aan 16 Desember verbind, bestaan nie. Na 'n mikroskopiese bestudering van die Trek en onkritiese verheerliking van sy leiers het daar 'n tydperk van groter realisme en herinterpretasie ingetree.

Oor die hervertolking van die Groot Trek het C F J Muller hom al in 1963 uitgelaat<sup>35</sup>. Hy was bewus van die veranderinge in Afrika wat tot 'n Swart historiese bewussyn kon lei en die Groot Trek in 'n ander perspektief kan laat verskyn: Sy betekenis kan in die toekoms moontlik "van songgrootte tot stergrootte" krimp. Hy reken dat presies watter beeld toekomstige historici daarvan gaan skilder grotendeels sal afhang van "die plek wat Wit Suid-Afrika" in die vasteland gaan verkry. As dit as politieke faktor gaan verdwyn, sou die Groot Trek moontlik bekend word as "'n kortstondige fase van Wit imperialisme" uit die suidelike hawens wat met moeite slegs tot by die Limpopo of Zambesi kon kruip. Dan sal dit as "verbygaande fase" steeds minder ernstige aandag geniet. Die klem sal val op die "viriele weerstand" van die Swartes teen betergewapende veroweraars. Muller oordeel egter dat, indien "die Witman" hom in die RSA teen alle aanslae stewig sou vestig en na tydelike isolasie 'n steeds belangriker rol noordwaarts sou speel, sou "die primitiewe blanke grondslae" wat deur die Trek gelê is, nog steeds belangstelling by latere historici wek. 'n Mens kan byvoeg dat baie gaan afhang van wie die RSA eventueel gaan regeer. Deur 'n rewolusionêre bestuurswisseling soos in die ou Rhodesië kan 'n verlede ook sterwe. Suid-Afrika is tans op soek na 'n nuwe definiëring van sy identiteit en geskiedenis. Daar is reeds gesê dat sowel sy toekoms as verlede onseker en omstrede geword het, so onseker dat in sekere kringe geëis word dat die ou Boererepublieke as 'n tuiste vir Afrikaners herstel moet word.

Dat Afrikanerhistorici in hulle perspektivering van die Groot Trek temas soos die staat, politiek, helde en oorlog oorbeklemtoon het, is waar vanweë nasionalistiese behoeftes en hulle opleiding. Dat by belangrike aspekte verbygekyk is, is ewe waar om aan sosiaal-ekonomiese, antropologiese en mentaliteitsdimensies te dink. P J van der Merwe se trekboer-Afrikaner het nie in die geskiedbeeld positief gefigureer nie, ook nie koningin Victoria se Afrikaners nie wat met die Groot Trek agtergebly en 'n belangrike bydrae tot Afrikanerkultuur gelewer het. Die groot manne en helde is uit 'n beperkte deel van Afrikanergeskiedenis gekies. Die gewone mens op trek het te veel in die skaduwee gebly. Van die Voortrekkers se prosas van plaas- besetting en uitbreiding weet ons weinig en weinig

35. F.A. van Jaarsveld e.a., *Die Hervertolking van ons Geskiedenis*, Mededelings van Unisa, B 19, Pretoria 1963, pp. 50-51.

nog van die lewe van Swartes met wie hulle in aanraking gekom het. Te groot klem is op die positiewe gevolge vir Suid-Afrika en die Afrikaners gelê en te weinig op die negatiewe uitwerking van die Trek.

Die vraag is welke gebeurtenis vir die huidige Suid-Afrika die belangrikste is: die herverspreiding van Blank en Swart oor die platteland van die 19de eeu soos teweeggebring deur die Groot Trek en die Difaqane, of hulle 20ste eeuse sametrekking by die stede onder invloed van die industriële rewolusie, waaruit die huidige sosiaal-politieke probleme en stryd om supremasie tussen Swart en Wit tevoorskyn gekom het. Ook dit kan die belangrikheid van die Trek relatief verminder. Nog 'n probleem kan die belangstelling laat afneem, nl. die verstening van die tradisionele geskiedbeeld. 'n Beeld is die produk van besondere tydsomstandighede. Wanneer dit met verloop van tyd verander en die grond onder hom verskuif maar die beeld bly onveranderd in ons tyd voortbestaan, verloor dit aan relevansie.

Dat die Groot Trekbeeld in die huidige rewolusionêre klimaat, teweeggebring deur 'n proletariese lewens- en wêreldbeskouing vir die grootste deel van die bevolking in belangrikheid afgeneem het, ly geen twyfel nie. Die wêreld wat die kapitulasie van Blanke bestuur en 'n Swart meerderheidsregering eis, luister nie meer na die Groot Trek of Anglo-Boereoorlog as historiese argumente vir die behoud van 'n aparte "Blanke" plek in Suid-Afrika nie. Die opkoms van 'n kontra- of "alternatiewe" geskiedenis en geskiedenis-onderrig<sup>36</sup> voortkomende uit 'n werkerklasideologie en berustende eerstens op die verwerping van die tradisionele elite-geskiedenis-van-bo en tweedens op die aanvaarding van 'n geskiedenis-van-onder, nl. van die gewone mens, wat op die historiese verhoog as medespeler teruggeplaas word, het die konvensionele voorstelling van die Groot Trek op die verdediging gedwing. Nuwe dimensies en perspektiewe is geopen. Met dekolonisasie is geskiedenis verideologiseer en het tot wapen geword waarmee politiek gevoer en die bestaande verledebeeld ontblank en verafrikaniseer word. Vir die komende "nuwe" Suid-Afrika, deur wie ookal regeer, word 'n "nuwe" geskiedenis vereis, en namate die toekoms verander, sal daarmee saam ook die beeld van die verlede verander.

---

36. Randall van den Heever: *Alternative Education*, U.T.A.S.A. Publication, Nov. 1987, pp. 13–23